Garage
Dance Ensemble

50 Hibuskus Street, O'Kiep
Northern Cape
South Africa
8270
+27 78 188 5895
+27 64 508 8984
garageokiep@gmail.com
garagedanceensemble.com
facebook.com/garageokiep
Instagram.com/garagedanceensemble

Non Profit Company reg. no. 2013/208601/08

**THE SPACE FOR CREATIVE EXCELLENCE**

**Jaarlikse verslag**

**Colleen Richards 2023/24**

In een van die vele Facebook plasings van Alfred Hinkel, verwys hy na die "next generation of EXCELLENCE". 2023/24 is 'n spreekwoordelike voorbeeld van wat hy probeer versinnebeeld het met hierdie stelling. Die meeste hoogtepunte in die oorsigjaar was veral die "EXCELLENCE" van die jong mense in die dansgeselskap.

Ten spyte van uiters uitdagende ekonomiese omstandighede, was Garage Dance Ensemble genadiglik bykans elke maand in staat om aktiwiteite of produksies te doen.

In Maart 2023 het 'n rolverdeling en span van 67 insluitend 40 kinders en tieners die produksie "Diepspore" onder geweldige druk en struikelblokke, op die planke of sal ek sê op die sportvelde gebring. Letterlik almal in die Nama-Khoi gemeenskap is ingespan om hierdie produksie suksesvol te maak. Dit was 'n riem onder die hart om te sien hoe die gemeenskap vir Garage dra en ondersteun. Dit was 'n ongelooflike suksesvolle produksie.

Bogenoemde stelling is duidelik 'n getuigskrif dat die Namakwa Dance towards Better Life Program vrugte afwerp. Dit gaan steeds van krag tot krag en gaan voort om pret, fiksheid en kreatiwiteit deur dans aan kinders, tieners en volwassenes te lewer. Die getalle vir die Saterdagklasse het aansienlik toegeneem. Tans is daar 3 verskillende groepe jongmense wat aan hierdie program deelneem en hulle werk net so hard om Garage se naam gestand te hou. Ek is trots om te kan noem dat hierdie jong mense by so te sê elke plaaslike produksie 'n rol gespeel het. Produksies sluit in "Diepspore" in Maart 2023, die Jeugdag optrede op 16 Junie 2023 by Dr. Isak Van Niekerk en "DeelMetMy" wat vir Maart 2024 beplan word. 'n Groot "shout-out" aan hulle ouers vir hul toewyding deurdat hulle sorg dra dat hul kinders die klasse bywoon.

Garage Dance Ensemble se trainees; Georgia, Keanu en Manon. Just one word, WOW! Met die Jazzart Dance Encore van 29 Februarie 2024 tot 01 Maart 2024 het jul werk van volwassenheid, professionaliteit en kwaliteit gespreek. Julle doen dit toe weer in Oktober 2023 in samewerking met Atlang Arts Development te Kimberley. Hierdie keer het Jered Adonis julle ook vergesel. Baie, baie geluk met hierdie prestasie. Jul talent, hardwerkenheid en dissipline spreek boekdele.

STOF @ SUIDOOSTERFEES 2023 is 'n produksie waar ou stories van die aangrypende verhaal van Dawn Langdown se reis van Namakwaland na Namibië, die Kaap en terug, tentoongestel is deur stories, gedigte, liedjies en dans. Hierdie indrukwekkende produksie was met soveel trane en weemoed, maar met net soveel vreugde ontvang deur veral die Kaapstadse gehoor en ondersteuners. Mag Dawn Langdown se siel in vrede rus. Sy was sowaar 'n veteraan in die dansgemeenskap en ons sal haar nalatenskap verewig koester.

Die produksie "BABALAS" word in 'n resensie deur Diane Du Toit Albertze as "'n storie van opstaan, 'n storie van hoop onder jou arm "txam", maar ook 'n noodkreet vir medemenslikheid sonner om eenkeer te preek," beskryf. Dankie, Byron Klassen, Jaimy Hine, Buddy, Georgia Julies en Manon-Lee Saal dat julle hierdie storie van kwesbaarheid en verbreekte drome op 'n meesterlike manier uitgebeeld het. Dit is waarlik die werklikheid van ons hedendaagse samelewing. Baie dankie aan julle wat ten spyte van geweldige uitdagings, nog steeds die nodige passie en toewyding getoon het om die produksie die lig te laat sien. Nadat die kragonderbreking die aanvanklike optrede gekniehalter het, het jul hand en tand baklei om dit na die mense te bring soos belowe. Graag betuig ek ook my dank uit aan Ilse Carroll (HADDA) dat Byron haar storie kon gebruik vir hierdie produksie.

"Krummelpap, Afval en Sunlightseepbaddens" het die internasionale grense gebreek in September 2023! Hierdie deernisvolle dansvertelling, wat die tekste van die bekroonde digter Ronelda Kamfer as klankbaan gebruik, het 'n staande applous van die internasionale gehoor ontvang. Welgedaan aan julle!

Die na-skokke van die Covid 19 pandemie is nog steeds sigbaar in Garage Dance Ensemble se boeke. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om bestaande en nuwe finansierders en belangstellendes soos die regering, korporatiewe en private vennote, National Arts Council (NAC), die National Lottery Commission (NLC) te bedank vir hul voortgesette ondersteuning regdeur die jaar.

Soos die lewenspad mos maar soms kronkel, moes ons mense groet maar ons het ook nuwe persone aangestel. Die einde van 2023 het ons totsiens aan Jamie Hine gesê. Sy is 'n staatmaker van formaat en ons was baie hartseer om haar te sien gaan. Baie dankie, Jaime vir jou passie en toewyding aan Garage Dance Ensemble tydens die tyd wat jy hier was. Ons het in Februarie 2023 vir Al- Jerreau aangeneem wat hom baie goed van sy taak kwyt. Hy het homself alreeds bewys deur ons sosiale media bemarking en finansiele administrasie tot die volgende vlak te neem. Hy is ook die een wat Garage se nuwe webwerf ontwerp het.

Ek bedank ook elke danser wat meer as hul deel doen vir Garage Dance Ensemble en dit werklik "THE SPACE FOR CREATIVE EXCELLENCE" maak. Dit word opreg waardeer!

Ten slotte wil ek my mede -raadslede erken vir hul bydrae gedurende 2023/24. Ek wil ook dankie sê aan Alfred Hinkel en John Linden vir hul volgehoue leierskap en passie.

Colleen Richards

.............................